# Ramadaan 21 Julie

(Indien die nuwe maan verskyn het):
Dit word beskou as die begin van die maand van Ramadaan - 'n Islamitiese godsdiensfees.
Ramadaan is 'n tydperk waartydens mense vas, spesiale gebede sê en die Koran lees.



# Eid-ul-Fitr 19 Augustus

(Indien die nuwe maan verskyn het):

Eid-ul-Fitr is 'n Islamitiese godsdiensfees. Dit is 'n vreugdevolle maar ernstige viering van die einde van die maandlange vas van Ramadaan. Dit is 'n dag waarop mense lofgebede sê, omsien na die armes en vriende en familie besoek.



# Raksja Bandhan


## Julie of Augustus

Raksja Bandhan is 'n Hindoefees. Hindoes vier die verhouding tussen broers en susters. 'n Suster bind 'n rakhi ('n heilige bandjie) om haar broer se pols. Dit simboliseer haar liefde en gebede vir hom asook sy lewenslange belofte om haar te beskerm.



# Krisjna Janmashthami

Krisjna Janmashthami is 'n Hindoe-godsdiensfees. Die geboorte van Krisjna Janmashthami word gevier deur te vas. Krisjna is die kernfiguur van die Hindoeïsme. Op hierdie dag beeld kinders gewoonlik tonele uit Krisjna se lewe uit.



Augustus of September


# Pitr Paksja

Pitr Paksja is nog 'n Hindoe-godsdiensfees. Hindoes vereer hul voorouers ("pitrs"), veral deur middel van voedseloffers.




## September

# Tisja B'av



Tis ja B'av is 'n Judaïese religieuse dag. Jode vas om die verwoesting van die Eerste en Tweede Tempel in Jerusalem te betreur, en om ander Joodse tragedies wat op hierdie dag plaasgevind het, te herdenk. Die dag word die "hartseerste dag in die Joodse geskiedenis" genoem.

## Julie of Augustus

# Roosj Hasjana

אשׁ הַשָּׁנָה

Roosj Hasjana is die Joodse Nuwejaar. Die "sjofar" (ramshoring) word geblaas om die dag te vier. Kossoorte soos appels gedoop in heuning word geniet met die verwagting dat die nuwe jaar 'n soet een sal wees.




## September

# Joom Kippoer

## September of Oktober

Joom Kippoer word tien dae na Roosj Hasjana gevier. Dit is die heiligste van al die Joodse dae. Op die dag dra almal wit klere.







Jy mag nie bad of stort nie.

Jy mag nie eet of drink nie.





Jy mag nie leerskoene dra nie.

# Vrouedag

Nasionale Vrouedag is 'n openbare vakansiedag. Op 9 Augustus 1956 het 20 000 vroue by die Uniegebou in Pretoria geprotesteer teen die feit dat swartmense "pasboeke" moes hê. Die rol van vroue in die Suid-Afrikaanse samelewing word op hierdie dag gevier.



## 9 Augustus

# Geletterdheidsdag

Die belangrikheid van geletterdheid word uitgelig.

## 8 September




# Boomplantweek

Mense word aangemoedig om bome te plant.




## 1-7 September

# Erfenisdag




Erfenisdag is 'n openbare vakansiedag. Alle Suid-Afrikaners mag hul eie kulture en dié van ander vier.



## 24 September